**Artikel in *Rapport* van 11 Oktober 2009**

Wanneer die Bestuur van 'n Universiteit sy kernbedrywighede só indringend ontleed om sy hulpbronne fyner in te span om sy akademiese uitnemendheid met die oog op die toekoms verder uit te bou en deur innoverende denke R29 miljoen beskikbaar stel vir onderrig in die klaskamer en taalontwikkeling, soos wat die US pas gedoen het, is dit 'n tasbare illustrasie van 'n leierskorps wat probleemoplossend gestalte gee aan ons filosofie van hoop.

Dit is nog meer beduidend dat hierdie innoverende besluite plaasvind teen die agtergrond van die lansering van Suid-Afrika se tweede satelliet wat die land onteenseglik die leier op die Kontinent maak op die gebied van ruimtetegnologie -- danksy die voorloper-kundigheid en navorsingswerk wat aan die Universiteit Stellenbosch ontwikkel is.

Om die kroon hierop te span, kondig die Afrika-Unie sy planne aan om 'n Pan-Afrikaanse Universiteit in die nuwe jaar te loods bestaande uit vyf sentra van wêreldleierskap op die kontinent – en die eerste sentrum (vir ruimtestudies en ruimtetegnologie) word beplan vir die Universiteit Stellenbosch. Daarmee saam kom 'n pakket van beurse en befondsing vir studente van oral in Afrika wat hier by die beste kundiges op die Kontinent kom leer.

Dít is die wêreld en realiteite wat die Bestuur en die Raad van die Universiteit dus moet verreken wanneer hulle oor die akademiese taak van die Universiteit besluite moet neem -- die geglobaliseerde speelveld waarin Stellenbosch hom vandag bevind en waarin hy hom toenemend sal moet laat geld.

Die implikasies hiervan vir die studente wat ons aan hierdie veranderende en hoogs mededingende wêreld moet lewer, is voor die handliggend. Op 'n ander vlak plaas dit 'n groter wordende verantwoordelikheid op die Universiteit om deurlopend die beste kundigheid op elke vakgebied vir ons studente te bied.

By hierdie harde akademiese realiteite en uitdagings van akademiese uitnemendheid en internasionale mededinging op die gebied van navorsing, en relevante onderrig in 'n globale konteks, is daar ook die eiesoortige probleme wat effektief bestuur moet word. Hieronder tel sake soos toeganklikheid, diversiteit, studentesukses en die bydrae wat die US lewer om gelyke geleenthede te bied aan mense wat voorheen van die Universiteit uitgesluit was. Dit is maar enkele fasette van 'n breër selfvernuwingsprogram om te verseker dat die US in alle opsigte die doelwitte bereik wat hy vir homself as 'n 21ste eeuse universiteit in die vooruitsig gestel het.

Midde-in al hierdie uitdagings is daar die kwessie van taal, meer spesifiek taal van onderrig. Teen die agtergrond van die vermelde realiteite stel dit besondere uitdagings aan die US want dit spreek vanself dat daar 'n deurlopende spanning bestaan tussen taal-eksklusiwiteit en die Universiteit se strewe om toeganklik te wees vir almal wat aan die US wil studeer.

Op die terreine van diversiteit en demografiese verteenwoordiging is die US beduidend agter die ander hoër onderwysinstansies in die land en dit is reeds in verslae van owerheidsliggame uitgewys. Die gevaar is dat enige vorm van taal-eksklusiwiteit maklik kan oorslaan in meer genuanseerde vorms van ras-eksklusiwiteit. Dit sou indruis teen die US se verbintenis tot 'n inklusiewe kultuur wat verwelkomend is vir almal.

Selfs waar daar sterk steun is vir die onafwendbaarheid van verandering, word dikwels aangedring op "transformasie in Afrikaans" wat beteken dat Stellenbosch wesenlik 'n plek word waar slegs wit Afrikaans eerste-taal sprekers en bruin eerste-taal Afrikaansprekendes (laasgenoemde hoofsaaklik uit die landelike gebiede) kan studeer. Dit lei onafwendbaar tot uitsluiting deur demografie en die swak voorbereiding van studente uit voorheen benadeelde skole in landelike streke wat sowat 800 kwalifiserende skoolverlaters per jaar lewer vir 'n mark van 21 instansies van hoër onderwys. Hierdie standpunt negeer of misreken die

uitdagings van die US in die moderne tydvak en reduseer die akademiese taak van die US tot hoofsaaklik die behoud van Afrikaans.

Ons Universiteit het tans 75 dosente in agt fakulteite wat aangedui het dat hulle nie taalvaardig is in Afrikaans nie. (Dit sluit Krygskunde uit waar al die personeel op die diensvoorwaardes van die Staat aangestel word, asook Gesondheidswetenskappe waar 'n groot aantal personeel op die diensvoorwaardes van die Provinsie aangestel word.) Uit die meer as 576 voltydse dosente in die agt fakulteite is daar talle wat hul eerste taal aandui as Duits, Frans of 'n Afrika-taal.

Lees dit teen die feit dat die US die tuiste is van heelparty kursusse wat nêrens anders in die land aangebied word nie: bosbou en houtkunde, wyn-biotegnologie, asook krygskunde; en dat ons Fakulteit Teologie 'n akademiese platform lewer vir verskeie kerkgemeenskappe; en ons sentra van uitnemendheid in wisselwerking met sentra by ander universiteite en staatsliggame opereer. Die teenwoordigheid van Engelse dosente is dus 'n akademies verantwoordbare realiteit in aansluiting by ons hedendaagse uitdagings as 'n relevante Universiteit in 'n geglobaliseerde wêreld.

Dit bring my terug by die R29 miljoen vir onderrig in die klaskamer en taalontwikkeling waarna ek vroeër verwys het. Geen Raad of Bestuur sal hierdie soort geld belê in 'n taalmodel wat nie die toekoms van die universiteit se historiese taal wil verseker nie. Die doelwit van die Raad is dat die voorgraadse student aan die US in die onderrigtaal van eie keuse kan studeer (Afrikaans of Engels) met blootstelling aan die ander taal sonder dat dit tot rasse-skeiding in die parallelmedium klasse lei. Die vermelde fondse sal aangewend word om ekstra personeel aan te stel, leermateriaal te vertaal, nuwe fasiliteite daar te stel, herkurrikulering te ondersteun waar nodig ens.

Dit is steeds ons strewe om Afrikaans as akademiese taal in 'n meertalige konteks te bevorder. Daarbenewens wil ons die US meer toeganklik maak vir voorgraadse studente wat nie eerste-taal Afrikaansprekers is nie. Só wil ons die doelwit van ons Leer- en Onderrig Beleid uitleef naamlik om die beste leerervaring vir ons studente te bied en 'n meertalige gegradueerde aan die mark te lewer.

Die meertalige onderrigmodel van die Universiteit is belyn met die uitgangspunte van die Nasionale Taalbeleid vir Hoër Onderwys en die beginsels onderliggend aan twee- (en meer) talige onderwys wat wyd internasionaal voorgestaan word.

Oor die ingeslane rigting van die Universiteit op pad na 2015 het ek en my Bestuur wyd met die universiteitsgemeenskap gekonsulteer. Daaruit het ons visionêre Oorhoofse Strategiese Plan ontwikkel wat die US op 'n nog sterker grondslag gaan plaas vir die uitdagings van die toekoms. Oor die afgelope paar maande het ek hierdie vordering met die US Raad gedeel en dit met ons eksterne belangegroepe hier in die Wes-Kaap en Gauteng en ook buite ons landsgrense met akademiese leiers en ons alumni getoets.

Die reaksie is deurgaans een van opgewondenheid en steun. Diplomatieke verteenwoordigers van ander lande het by meer as een geleentheid die uitnodiging aan ons gerig om nuwe moontlikhede van samewerking op navorsingsgebied en uitruil-skemas vir ons dosente en studente met kundiges in hulle lande te verstewig en verder uit te bou. Hulle sien in Stellenbosch 'n strategiese vennoot en kennisbaanbreker. Net onlangs het die Nederlandse regering, nadat hulle die US se stelsels, sy bestuursprosesse en sy visie deeglik nagegaan het, R150 miljoen aan die US toevertrou om te bestuur vir aanwending van uiteenlopende gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Party hiervan fokus daarop om studente uit voorheen benadeelde gebiede universiteitsgereed te maak. Wat vir hierdie internasionale leiers oor Stellenbosch tref, is sy akademiese en navorsingstatuur, die innoverende manier waarop die Universiteit akademiese en ander uitdagings pak en die versiendheid van sy Bestuur en Raad.

Die keuse oor die toekoms by die US is baie duidelik: jy kan die 21ste eeu binnegaan met die vrese van ‘n gemartelde taalervaring of met die selfvertroue van ‘n amptelike taal wat deur die Grondwet beskerm word. Ons nooi alle toekomsgerigte mense om die US te vergesel op die pad van ‘n gedeelde visie in die moderne tydvak waar ons intens aandag gee aan hoë-vlak kennisontginning, terwyl ons gelyklopend werk aan transformasie in geregtigheid sodat Stellenbosch so toeganklik sal wees vir die dogter van die plaaswerker soos wat dit is vir die seun van die plaasboer, soos ek by geleentheid gesê het. Ons strewe is ‘n Stellenbosch wat staan vir die idee van hoop in geregtigheid.

**Prof Russel Botman**
**Rektor en Vise-kanselier**
**Universiteit Stellenbosch**
**9 Oktober 2009**